

30 Augustus

Jona 4:6-11

Genade is 'n geskenk en geen reg nie

God gebruik die opkoms en verdroging van die komkommerplant om Jona vanuit sy emosionele uitbarsting tot nugtere nadenke te lei. Die Here wil spesifiek twee belangrike insigte vir Jona leer. Eerstens wil Hy Jona leer wat sy genade regtig beteken. God se genade is 'n vrye geskenk en nie 'n reg waarop jy kan aanspraak maak nie. Dit toon God deur in sy goedheid die plant as skaduwee vir Jona te laat opkom en om dit die volgende dag weer te laat verdroog. Jona tree in vers 8 egter so op asof God hom die plant skuld. Hy moes egter leer dat God se genade 'n onverdiende geskenk van God is wat jy nie kan afdwing nie. Jona het God se genade ontvang met sy redding uit die see alhoewel hy dit nie verdien het nie. Ook Nineve ontvang God se genade, alhoewel hulle dit nie verdien nie. God gee sy genade aan wie Hy wil.

In die tweede plek wil God met die plant ook vir Jona 'n antwoord gee waarom Hy sy liefde aan 'n bekeerde Nineve getoon het. Duidelik en eenvoudig konfronteer Hy Jona met die logiese implikasies in vers 10 en 11. As Jona dan oor 'n plant besorg is, dan mag die Here tog ook besorg wees oor so 'n groot stad soos Nineve wat met hulle onkunde en ongeloof verlore gaan. Nineve is tog meer werd as 'n komkommerplant.

So maklik kan mense liefde sien as iets wat jy moet ontvang. Hulle raak verslaaf aan 'n voordeel-liefde deur te vra wat ek daaruit kan kry en nie wat kan ek gee nie. Ware liefde is egter liefde wat nie wil ontvang nie, maar wat wil gee.

Sing Psalm 34;8

Dr. S.J. van der Walt (Cachet)